

# DISSIPLINE-BELEID

Die skoolreëls tree in werking die oomblik wat die leerder die skoolgronde betree.

## A. KLASREËLS

Die klasreëls is as volg:

1. Volg instruksies;
2. Hou voete, hande, voorwerpe en onvriendelike woorde vir jouself;
3. Luister wanneer iemand anders praat;
4. Pas alle eiendom op;
5. Gedrag moet toepaslik wees.

Die reëls word in die klas op 'n duidelike sigbare plek aangebring en daar sal gereeld daarna verwys word. (Onderwysers kan ook hul eie reëls opstel, mits dit in lyn met skoolreëls is)

**Ander algemene reëls:**

- **Geen leerder mag gedurende pouses in die klasse wees sonder onderwysertoesig nie.**
- Verlore handboeke en biblioteekboeke moet betaal word. Leerders moet dus seker maak dat hulle tasse op veilige plekke neergesit word. Beskadigde of verlore handboeke moet teen R200 per boek vervang word. Maak seker dat u kind se tas genoeg beskerming vir sy/haar handboeke en skrifte bied.
- Geld/ selfone en ander waardevolle items moet liefies by die kind gehou word en nie in 'n tas op die stoep gebêre word nie. Onderwysers het wel 'n kluis in hulle klasse indien leerders geld of ander waardevolle items wil bêre.
- Niemand mag op die stoepe of trappe hardloop nie asook nie op die reëlings klim of sit nie
- Geen skaatsplanke, fietse of rolskaatse word op die stoepe toegelaat nie. Die reëls geld ook ná skool.
- Leerders mag slegs gedurende pouse en na-skool die sluitkaste besoek.
- **Geen leerder in Graad 1-7 mag sonder die toesig van 'n personeellid tussen die saal en die Graad R sentrum beweeg nie.**

## B. OORTREDINGS

**AKADEMIESE OORTREDINGS:**

|   |   |
|---|---|
| 1 | Huiswerk nie voltooi, boek by die huis, toets nie geteken, huiswerkboek tuis, speltoets of tafeltoets onder 6/10. 3x MBK drag nie by die skool. |
|---|---|

## GEDRAGSOORTREDINGS:

| KATEGORIE                | DEBIET | OORTREDING   |
|--------------------------|--------|--|
| 1                        | 1      | Skooldrag verkeerd, swak gedrag tydens wisseling/klas, eet of kou in klas, aanhoudende gesels (na herhaaldelike waarskuwings), laat vir klas/skool, afskeurstrokie nie terug, skryfbehoeftes tuis, besig met ander dinge i.p.v. skoolwerk, praat tydens opening, onbetaamlik geklee, strafklas en selfoon gebruik gedurende skooltyd.  |
| 2                        | 2      | Praat terug, leuens, speelgoed, nie by korrekte toesigklas, vloek, beledig, daag nie op vir verpligtinge, verkeerde terrein, bemors klas / terrein/ kleedkamer, krap in ander se besittings, hardloop op stoep/gras, herhaalde ongehoorsaamheid, afkraak of spot van ander leerders, op terrein in skooltyd sonder toestemmingskaart, juwele, swak gedrag, hare/naels nie reg nie, swak gedrag tydens eksamen, stamp en stoot, wys onaanvaarbare tekens, ignoreer opvoeder se opdrag, afskryf van huiswerk en speel in kleedkamers.  |
| 3                        | 5      | Slaan/ klap 'n ander leerder, viktimisering/vermedering van ander leerder, oneerlikheid, ernstige ontwrigting van klasroetine, beskadig ander se besittings, aanhoudende swak gedrag (rekkies skiet, "pea shooters" ens), baklei , praat tydens toets, in besit van gevaarlike voorwerpe, vandalisme, stokkiesdraai , roker toeskouer , rassisme / rassistiese aanmerkings, vloek (herhaaldelik), diefstal, praat aanhoudend terug, aanhoudende leuens, ernstige bemorsing van kleedkamer, opname met selfoon gemaak, spoeg na of op iemand, xenofobie, boelie, daag nie op vir detensie of strafklas, raak betrokke by bakleiery, toeskouer van pornografiese materiaal , in besit van sigarette/ elektroniese sigaret ens. |
| 4<br>Disiplinêre Verhoor |        | Seksuele teistering, rook (Sigaret/ elektroniese sigaret ens.), drank, pornografie, herhaalde/ ernstige diefstal, brandstigting, verteenthed vir die skool, vloek onderwyser, ernstige vandalisme, 'n leier wat -20 debiete het, aanranding, gebruik gevaarlike voorwerpe, herhaalde oortredings (50 debietpunte), hare gekleur of permanent gegolf/ rebelse haarstyl, aanhoudende of ernstige boelie gedrag, betasting van ander leerder/ gryp/knyp privaat dele, trek aspris 'n leerder se broek af.   |

'n Ouer het 48 uur of twee werksdae om vertoë te rig of appél aan te teken oor 'n debiet.

## C. AKSIE PROSEDURES

### 1. AKADEMIESE OORTREDINGS

'n Leerder wat drie keer 'n akademiese oortreding begaan het, moet die daaropvolgende Vrydag 'n akademiese strafklas van 'n uur lank na skool bywoon. Leerders ontvang 'n debiet na drie akademiese oortredings. 'n Punt onder 6/10 vir 'n speltoets of tafelhoets word ook gesien as huiswerk nie gedoen nie. 'n Leerder wat vyf keer deur die jaar strafklas bygewoon het, kom nie in aanmerking vir die leierverkieping, (alle rade). Met 'n strafklas sal die leerders maaltafels inoefen en spelwoorde uitskryf.

### 2. GEDRAGSOORTREDINGS

Hierdie is die stappe wat geneem sal word teen leerders wat gereeld die skoolreëls oortree. Debiete word deurlopend deur die jaar gegee en val weg aan die einde van elke kwartaal. Alhoewel debietpunte wegval aan die einde van elke kwartaal, akkumuleer dit met die oog op die einde van die jaar se leierverkieping, (alle rade) uitstappies, beloningsfunksies, en toere.

Ouers ontvang 'n SMS wanneer 'n leerder 'n debiet kry.

Indien 'n leerder verkeerde gedrag openbaar word die leerder

- Mondelings gewaarsku.
- Die tweede keer wat die leerder 'n oortreding in 'n klas begaan ontvang die leerder 'n debiet, en die ouer ontvang 'n sms.
- Indien 'n ouer geskakel word oor 'n leerder se gedrag gaan daar nog steeds debiete ingelees word vir die oortreding

Na 5 debietpunte:

- Indien 'n leier 5 debietpunte het, word daar 'n gesprek met leier deur die personeel gevoer. Die voogonderwyser moet dit reël.

### NA 10 PUNTE:

Die leerder moet 'n detensieklas bywoon, gewoonlik op 'n Vrydagmiddag.

Indien 'n leier 10 debiete het, moet hy/sy ook detensie bywoon en daar word 'n afspraak met die leier se ouers gemaak, sodat oplossings vir die leier se swak gedrag gevind kan word. Die leier se ouers onderteken dan 'n verklaring waarin hulle bevestig dat hulle kennis dra daarvan dat as die leier nog tien debiete kry hy/sy 'n dissiplinêre verhoor moet bywoon.

**Commented [M1]:** Is hierdie net vir leiers? Wat van gewone leerlinge wat 5, 10 en 20 debiete kry?

### **NA 'N TWEDE DETENSIEKLAS (-20)**

'n Graadvergadering word gehou. 'n Graadvergadering is wanneer die personeel wat daardie graad onderrig, 'n gesprek met die leerder voer. Die doel van die Graadvergadering is om die leerder te help om sy/haar gedrag te verander, en wenke aan die leerder te gee oor hoe soortgelyke oortredings voorkom kan word. 'n Graadvergadering vind plaas op Woensdae oggende om 07:00. Die ouer word vooraf ingelig daarvan dat daar met die leerder gepraat gaan word, en die ouer is welkom om die vergadering by te woon. Indien die ouer nie die vergadering bywoon nie, moet die voogonderwyser die ouer agterna inlig oor die uitkoms van die Graadvergadering. 'n Leier moet 'n dissiplinêre verhoor bywoon, en sal sy/haar leerderraadbalkie permanent verloor as die leier skuldig bevind word. (Die leervoogde moet die personeellid verantwoordelik vir Dissiplinêre verhore in kennis stel). 'n **Leerder met twintig debiete mag geen uitstappies, beloningsfunksies, en toere meemaak nie. 'n Graad 6 leerder sal ook nie in aanmerking kom om 'n leier te word nie.** Die onderwyser hou deeglik rekord van die leerder se oortredings, met die oog op moontlike dissiplinêre verhore wat kan volg as die leerder se gedrag nie verbeter nie.

### **NA DIE DERDE DETENSIE (-30)**

Die ouer word geskakel vir 'n onderhoud in die hoof of adjunkhoof se kantoor. Die voogonderwyser en betrokke personeel kan ook teenwoordig wees.

### **NA DIE VIERDE DETENSIE (-40)**

Die leerder en ouer teken 'n skriftelike finale waarskuwing.

### **NA DIE VYFDE DETENSIE (-50)**

'n Dissiplinêre verhoor vind plaas voor die Dissiplinêre komitee as die leerder 50 debietpunte verwerf het. 'n Leerder wat dieselfde kategorie 3 oortreding drie keer oortree, moet ook voor 'n Dissiplinêre komitee verskyn. Indien 'n leerder weer tien debiete na die Dissiplinêre verhoor ontvang, mag die leerder vir vyf dae geskors word as straf, hangende die uitkoms van die verhoor. Die hoof mag 'n leerder skors tot en met die dissiplinêre verhoor.

### **KATEGORIE 4 OORTREDING:**

Dissiplinêre verhoor.

### **DWELMTOETSE:**

Die Staatskennisgewing No 1040, Suid-Afrikaanse Skolewet (84/1996), verklaar alle skole dwelmvrye sones. Dit beteken dat geen dwelmmisbruik, die besit van onwettige dwelms op die skoolterrein, of om by die skool onder die invloed van alkohol of onwettige dwelms te wees word toegelaat nie.

Ingevolge Artikel 8A (1) van die SASW mag niemand 'n gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel na skoolgronde bring of sodanige voorwerp of middel in sy of haar besit hê op skoolgronde of tydens enige skoolaktiwiteit nie.

Artikel 8A (2) van die SASW gelas die hoof of sy of haar gedelegeerde om willekeurig enige groep leerders of die eiendom van 'n groep leerders vir enige gevaarlike voorwerp of onwettige middel te deursoek, indien 'n billike en redelike suspisie bestaan.

Dwelmmisbruik / onwettige dwelms beteken enige onwettige, bedwelkende of verdowende middels, hierdie sluit tabak, alkohol, medisyne, dagga en ander harde dwelms in.

Dwelmmisbruik is verbode en ernstige stappe sal gedoen word teen oortreders. Maar diegene wat erken dat hulle probleme met dwelmmisbruik het, sal gehelp word en berading sal beskikbaar gestel word.

Dwelmtoetsing en soektogte sal gedoen word wanneer dwelmmisbruik of die besit van onwettige middels vermoed word. In die geval van onwettige middels, sal die saak gerapporteer word aan die Suid-Afrikaanse Polisie diens. Hantering/Handeldryf in dwelms of wat ander in hul besit het sal normaalweg lei tot 'n aanbeveling dat die leerling geskors word uit die skool. Die skool behou die reg om klopjagte uit te voer.

## **D. REKORDERING VAN GEDRAG**

Debietpunte akkumuleer. Die rede daarvoor is om leerders wat 'n gewoonte daarvan maak om hom/haar nie te gedra nie, voor 'n dissiplinêre komitee te laat verskyn. Aanhoudende swak gedrag sal gestraf word. As 'n leerder 'n oortreding begaan moet die onderwyser die oortreding in die klas se debietelêer aanteken.

## **E. ONMIDDELLIKE OPTREDE**

### **BOEK BY DIE HUIS**

Die leerder moet 'n opsomming van die les maak. Die leerder plak dan die volgende keer die papier met die opsomming daarop in die skrif. 'n Aantekening word gemaak vir strafklas.

### **VANDALISME**

As dit gering van aard is bied die onderwyser die leerder die geleentheid om sy/ haar fout reg te stel bv. as die leerder op die tafel gekrap het, kan hy/ sy twee dae die geleentheid gebied word om die tafel te kom skuur of te was totdat die tafel weer in die oorspronklike toestand is. As die leerder dit dan nie doen nie kry hy/sy 'n inskrywing vir vandalisme. Ernstige vandalisme word dadelik na die hoof/adjunkhoof verwys sodat 'n dissiplinêre verhoor geskeduleer kan word. Indien 'n leerder 'n ander leerder se besittings breek of verniel, sal die leerder 'n debiet ontvang. Indien die ouer die betrokke item vervang wil hê moet die ouer self skadevergoeding van die ander ouer eis.

### **KATEGORIE VIER OORTREDING**

Word dadelik verwys na die hoof of adjunkhoof. Die onderwyser skryf 'n verklaring vir die hoof oor die insident.'n Dissiplinêre verhoor sal volg.

### **GESELS, ONBESKOFTE EN ONTWRIGTENDE GEDRAG**

Onderwysers kan hier ook hul eie onmiddellike strafstelsel gebruik. Indien 'n leerder nie gehoor gee aan die onderwyser se versoek om stil te bly en aan te gaan met sy/haar werk nie, kan die onderwyser die leerder vra om die klas te verlaat. (Time-out) Die doel is om die leerder dadelik te straf vir aanhoudende gesels eerder as om 'n debietinskrywing daarvoor te gee. Leerders wat egter nie op die eerste straf reageer nie, kry dan 'n debietinskrywing. Die duur van "Time-out" mag nie 10 minute oorskry nie.

### **HARE, NAELS EN KLERE NIE VOLGENS SKOOLREËLS**

Die voogonderwyser spreek die oortreding aan.

Die leerder ontvang 'n sms/ brief waarin die ouer kennis kry dat die leerder se hare, naels en of klere nie volgens die skoolreëls is nie, asook 'n redelike tydperk waarin dit reggestel moet word:

- Hare te lank – 2 dae
- Hare gekleur/ permanent gegolf of rebelse haarsnit – 5 dae
- Kleredrag verkeerd – 1 dag
- Juwele – verkeerde juwele word ingeneem en in kluis geberg totdat die ouer dit kom afhaal.
- Verkeerde skoene – loop kaalvoet of behoeftige leerder kry die korrekte skoene by die Klerebank. Leerders wat verkeerde skoene dra sal opdrag kry om die skoene uit te trek.

As die leerder se ouers nie gehoor gee aan die versoek nie, kan die voogonderwyser aan die leerder 'n debietinskrywing gee. Ernstige gevalle word na die hoof verwys. Die hoof kan dan die ouer vra om die leerder te kom haal om dit reg te stel. Die voogonderwysers kyk gedurende voogperiode of die kleredrag, hare en naels van hul registerklas korrek is. Leiers stuur oortreders na graadvoogde.

### **GEWONE KLERE**

Indien 'n leerder nie betaamlik geklee is nie, sal die ouer gekontak word om hul kind te kom haal om reg te gaan verkleed. Geen grimering is toelaatbaar nie. Hare en juwele moet volgens die skoolreëls wees.

### **LAAT VIR KLAS**

As die leerder laat is sonder enige geldige verskoning, ontvang die leerder 'n debietinskrywing.

### **TOETSE NIE GETEKEN**

Die leerders kry 'n week tyd nadat dit uitgedeel is om die toets te laat teken. Daarna ontvang die leerder 'n strafklas inskrywing.

## **SELFONE**

Die skool dra geen verantwoordelikheid vir selfone/tablette wat gesteel of weggraak nie. 'n Leerder wie se selfoon aan of sigbaar is gedurende skooltyd (voor skool tot die skool uitkom in die middag), se selfoon sal deur die onderwyser ingeneem word en in die kluis in die kantoor toegesluit word. Ouers moet self die selfoon kom afhaal en 'n boete van R100 betaal.

## **“KIDS SMART GPS TRACKER” HORLOSIES OF “SMART” HORLOSIES OF BANDJIES:**

Die horlosies mag nie tydens skooltyd gedra word nie.

“Crisis on call en Medic Alert” bandjies mag wel gedra word. Enige ander bandjies is nie toelaatbaar nie.

## **ONEERLIKHEID TYDENS TOETSE OF EKSAMENS**

Indien 'n leerder notas of enige ander materiaal by hul het tydens die aflê van 'n toets of eksamenvraestel of oneerlik was tydens 'n toets of eksamenvraestel ontvang die leerder 'n nul vir daardie betrokke toets of eksamenvraestel, en ouer word geskakel.

## **F. GOEIE GEDRAG**

- Groet onderwysers en mede leerder asook persone/ besoekers van buite.
- Wees hulpvaardig en vriendelik.
- Wees lojaal en trots op jou skool.
- Respekteer jou onderwysers.
- Dra 'n positiewe beeld van ons skool uit na buite.
- Hou ons terrein skoon.

Goeie gedrag word op die kredietkaart beloon.

## **KWARTAALLIKS**

Die top 10 kredietverwerwers per graad word kwartaalliks aangewys. (Graad 4-7)

Intersenfase: Die top kredietverwerwer per graad ontvang 'n goue balkie, en die volgende nege silwer balkies. Die balkie word dan vir die volgende kwartaal gedra totdat die nuwe top 10 aangewys word. Die wenner van elke graad word ook beloon met 'n ontbyt saam met die skoolhoof. Leerders wat aan die einde van 'n kwartaal geen oortredings begaan het nie ontvang 'n brief.

Grondslagfase: Waardeplakkers kan verwerf word en indien 'n waardebladsy voltooi is, ontvang die leerder 'n badge.

## **BELONINGSDAG**

'n Leerder kwalifiseer vir die beloningsdag indien hy of sy geen gedragsdebiete het nie en nie meer as drie akademiese oortredings begaan het nie.

## **REKORDERING**

Die onderwyser rekordeer die krediete aan die einde van elke kwartaal.

## **G. ROETINES ( Riglyne)**

### **EINDE VAN 'N PERIODE - HOE OM DIE KLAS TE VERLAAT**

1. Pak weg.
2. Volg die onderwyser se instruksies bv. maak skoon/pak weg /staan / tel papiere op.
3. Wanneer die klok lui, stap die leerders uit in een ry, agter mekaar.
4. Die personeel laat leerders soos hul uitloop die papiere rondom hul klaskamer optel.

NB! : Die onderwysers moet op hul dienspunte op die stoep staan om met wisseling te help. ('n Spesifieke plek is aan elke onderwyser toegeken). Die onderwyser moet leerders wat drentel, hard gesels,hardloop, en nie agter mekaar stap nie, aanspreek.

5. Leerders mag nie op die stoepe hardloop nie, ten alle tye.

#### **EINDE VAN DIE DAG**

1. Word rustig en stil sodra die interkom aangaan. Leerders vou hulle arms.
2. 'n Leerderraadslid sluit af met gebed oor die interkom.
3. Pak weg en ruim klas op.
4. Nadat die klok gelui het, stap die leerders uit.

#### **BEWEGING OP STOEPE**

1. Sodra die klok lui, beweeg jy vinnig uit die klas uit.
2. Loop in een ry na jou volgende klas toe.(Hou links)
3. Beweeg stil en vinnig.
4. Die onderwysers doen diens op die stoepe op die voorgeskrewe puntdiens areas.
5. Leerders mag nie op die gras of bo-op die gras beweeg gedurende wisseling nie.
6. Leerders mag nie voor die kantoor beweeg voor of na pouses, aan die einde van die dag en met wisseling nie.

#### **AAN- OF AFKONDIGINGS**

1. Stop waarmee jy besig is.
2. Vou jou arms.
3. Bly stil en luister na die afkondiging. (Vries)
4. Gaan aan met jou werk na die afkondiging.

#### **TOETSE/ EKSAMEN**

1. Afskortings tussen die leerders.
2. Alle boeke is weggepak.
3. Net nodige skryfbehoeftes is op jou tafel.
4. Bly doodstil en steek jou hand op wanneer jy iets wil vra. Vra in fluisterstem.
5. Indien 'n leerder afwesig is moet hy/sy 'n mediese sertifikaat inhandig, anders kry die leerder 'n nul.
6. Indien 'n leerder oneerlik was gedurende 'n toets of eksamen kry die leerder nul vir sodanige toets.

#### **NOODDRIL**

1. Bly kalm.
2. Wag vir die onderwysers se instruksies.
3. Klasleier neem die klaslys saam wanneer hulle na 'n sentrale punt toe beweeg.
4. (Lang klok - ontruim; kort klok – sit onder tafel).

#### **SAAL**

1. Sit tasse by voogklasse. Tasse word toegesluit.
2. Stap saam met die voogonderwyser in die saal in.
3. Graad 4's stap aan die voorkant suid in en die Graad 7's noord.
4. Graad 5's stap regs agter die saal in.
5. Graad 6 e stap links agter die saal in.
6. Juniors beweeg vanaf die klasse en beweeg direk in die saal in saam met hulle juffrou en sit netjies in rye regoor hul juffrou.Sit met hande in skoot.  
Bly stil en wag vir die onderwyser op die verhoog vir instruksies.
7. Die voogonderwyser loop saam met hul klas terug na die klas in netjiese rye. Die voogonderwyser stap voor.

#### **BESOEKER IN DIE KLASKAMER**

1. Bly stil.
2. Gaan aan met jou werk.
3. **GEEN OUERS MAG GEDURENDE SKOOLURE NA KLASSE GAAN OF OP DIE STOEPE WEES NIE.**

#### **TOILET BESOEK**

1. Vra toestemming om die klas te verlaat.

2. Slegs een leerder op 'n slag mag uit die klas wees **ongeag vir watter rede**.
3. Wees stil en maak vinnig.
4. Die leerders mag nie direk na pouse toilet toe gaan nie, mits die leerder 'n mediese brief het wat dit vereis.

#### **GEBUIK VAN TOERUSTING IN DIE KLASKAMER.**

1. Die onderwyser is verantwoordelik vir die toerusting in die klas.
2. Die onderwyser sal 'n leerder aanstel om die toerusting te hanteer indien nodig.

#### **TOESIGLEERDERS**

1. Toesigleerders moet na hul eerste toesigklas gaan soos aangedui in hul Prospektus en as hul eerste toesigklas se onderwyser afwesig is na hul tweede toesigklas. Indien die tweede toesigklas se onderwyser ook afwesig is gaan die leerder na sy of haar voogonderwyser.
2. Die leerders gaan dadelik na die toesigklas en mag nie eers rond drentel nie.
3. **Die leerders moet binne die klas sit verkieslik by 'n tafel of anders voor in die klas.**
4. Toesigkinders mag onder geen omstandighede die klas ontwrig met swak gedrag nie, of rondloop nie.
5. Geen Gr 1-2 leerder mag na 13:30 op die stoepe rondloop nie. Indien 'n Gr 1-2 leerder se ouers hom of haar nie tussen 13:30 tot 14:00 kom afhaal nie, moet die leerder in sy voogklas wees.

#### **KANTOOR**

1. Die siekekamer is slegs vir leerders bedoel wat werklik siek is. Sodanige leerders moet toestemming op 'n DM122 kantoorinligtingsvorm by die betrokke onderwyser kry om siekekamer toe te gaan en dan aanmeld by die toonbank by die kantoor.
2. Geen leerder mag onnodig in die voorportaal vertoef of daarvan 'n deurloop maak nie.
3. Geen leerder sal sonder toestemming in die administratiewe kantoor, finansiële kantoor of siekekamer toegelaat word nie. Alle leerders meld eers by ontvangs aan.
4. Geen leerders word in die personeelkamer toegelaat nie. Leerders mag nie vir onderwysers koffie/ tee gaan haal nie. Slegs die Diensraad word daar toegelaat.
5. Geen leerders word in die **afrokkamer** toegelaat nie.
6. Leerders wat die skoolterrein gedurende skoolure verlaat, moet deur hul ouers by die kantoor afgehaal en uitgeteken word.
7. Leerders mag ook nie voor skool, pouses en na skool voor die kantoor verby beweeg nie.
8. Geen leerder mag gedurende wisseling oor die vierkant tussen die vlagpale loop of speletjies speel nie.
9. Leerders **word slegs tydens pouses geroep om items by die kantoor te kom afhaal**. Geen toegewing sal gemaak word vir boeke, take ens. wat tuis vergeet is nie.
10. Geen leerder mag 5 minute voor die skool uitkom uitgeteken word nie.
11. Geen leerder mag in die personeelkamer pos uit die poshokkies haal nie.
12. Indien 'n leerder **gereeld vroeër uitgeteken word en dit 6 ure in totaal oorskry sal getroue skoolbesoek nie toegeken** word nie.

#### **VLAGHYSING EN STRYKING**

Alle leerders moet doodstil staan tydens die daaglikse vlaghysing en –stryking in die vierkant. Die personeellid op stoepdiens hou toesig. Geen leerder mag tussen gehysde vlae deurloop nie.

#### **NA SKOOL**

1. Na skool mag geen leerders in klasse, in kleedkamers, op stoepe of op die skoolterrein wees nie, behalwe die leerders wat aan naskoolse aktiwiteite deelneem en die onderwyser teenwoordig is.
2. Leerders wat aan buitemuurse aktiwiteite deelneem, moet vir hulle onderwysers of afrigters buite die lokaal bv. saal of klas wag.
3. Leerders wat vir hulle ouers wag, moet op die rugbyveld wag en daar moet gereël word dat leerders betyds by die skool gehaal word, aangesien geen leerder sonder toesig en beheer na skool op die skoolterrein mag wees nie. Leerders wat reeds in die speelgrond was, al is dit vroeë die oggend, mag dit nie weer verlaat alvorens die skool uitkom nie.
4. Geen leerders mag met of op sporttoerusting speel indien die betrokke afrigter of onderwyser nie teenwoordig is nie, bv. by die sandput, hoogspringmatte, skrummasjien, pawiljoene ens.
5. Geen leerder mag sonder toesig van 'n afrigter in 'n sportstoor ingaan nie.

## VOOR SKOOL EN GEDURENDE POUSES

1. Wanneer die leerders skool toe kom, is dit noodsaaklik dat hulle die skolierpatroolie te alle tye sal gehoorsaam ter wille van hul eie veiligheid.
2. Leerders mag nie buite die skoolterrein speel nie – nie voor, tydens of na skool nie.
3. Leerders mag nie die skoolterrein sonder toestemming verlaat nie. Sodanige leerder se ouers sal daarvan in kennis gestel word. Leerders wat reeds in die skoolterrein was voordat die skool begin, mag dit nie weer verlaat nie.
4. Ter wille van sekuriteit en veiligheid mag geen leerder op die stoepe, tussen geboue, in die saal, by die lapa of motors rondswaai, hardloop en speel nie.
5. Leerders mag op geen stadium in die klaskamers wees sonder toestemming van 'n personeelid nie (slegs twee leerders mag in die klas wees om die klas skoon te maak).
6. Geen leerder mag naby die fietse speel nie. Fietse moet stewig gesluit word.
7. Geen leerder mag met sy/haar fiets of rolskaats op die stoepe of tussen die skoolgeboue ry nie.
8. Fietse moet toegesluit word om diefstal te voorkom.
9. Geen speletjies word op die vierkante of stoepe gespeel nie. Dit belemmer die loopruimte en klaskamervensters word gereeld as gevolg daarvan gebreek.
10. Ouers word aanspreeklik gehou vir enige skade wat 'n leerder aanrig by die skool.
11. Gevaarlike, onvanpaste, okkultiese of rowwe speletjies word nie toegelaat nie.
12. Speelgoed, radio's, iPods, selfone en ander duur items mag nie skool toe gebring word nie. Dit sal sonder waarskuwing gekonfiskeer word tot aan die einde van die dag. 'n Boete van R50 R100 is betaalbaar by die afhaal daarvan by die kantoor. Die skool aanvaar geen aanspreeklikheid vir waardevolle artikels wat by die skool wegraak of gekonfiskeer word nie en sal ook nie daarna soek nie.
13. Balsepele word slegs op die rugbyveld toegelaat. Slegs balle wat 'n sagte struktuur het word toegelaat. Krieketballe, hokkieballe, gholfballe en sagteballe word verbied.
14. Daar sal streng opgetree word teen leerders wat ander leerders seermaak of afknou (BOELIES).
15. Toilette se toestand en gebruik daarvan is 'n bron van kommer. Indien 'n leerder se gedrag in die toilet onaanvaarbaar is, word dit in 'n baie ernstige lig gesien en sal dienooreenkomstig gestraf word.
16. Dit word aanbeveel dat leerders nie eetgoed koop by smouse buite die skoolterrein nie.

## H. KREDIETE

Aan die einde van die kwartaal moet die voogonderwyser die Gr 4-7 leerders se dagboeke inneem en elke leerder se totale kredietpunte op 'n klaslys neerskryf.

**Geen debietpunte:** Leerders wat geen debietpunte, en of uitstekende gedrag deur die kwartaal geopenbaar het, sal aan die einde van die kwartaal 'n brief ontvang. Die leerder ontvang ook elke kwartaal 50 kredietpunte as hy of sy geen debietpunte gedurende die kwartaal ontvang het nie.

## I. DETENSIEKLAS

'n Detensieklas moet bygewoon word wanneer die leerder 10 debietpunte het. 'n Leerder wat sonder 'n geldige skriftelike verskoning of telefoonoproep van die ouer, ten minste een dag voor die detensieklas, nie die detensieklas bywoon nie, moet die detensieklas die volgende Vrydag bywoon en kry 'n ekstra detensieklas as straf. Detensieklasse is gewoonlik op Vrydae van 13:10 – 15:10 tensy die skool eers 14:00 uitkom. Die leerders oefen spelwoorde en maaltafels gedurende detensie. Die detensieklas is altyd in D8 en D7. Leerders wat swak gedrag openbaar tydens 'n detensieklas, kry 'n ekstra detensieklas as straf.

## J. STRAFKLAS

'n Leerder wat drie keer 'n akademiese oortreding begaan (boeke tuis, huiswerk nie gedoen, toets nie geteken en skryfbehoeftes tuis) het, moet die daaropvolgende Vrydag 'n akademiese strafklas van 'n uur lank na skool bywoon. 'n Leerder wat laatkom vir strafklas of nie opdaag vir strafklas kry 'n ekstra strafklas as straf. Strafkasse is gewoonlik op Vrydae van 13:10 – 14:10 tensy die skool eers 14:00 uitkom. Die leerders oefen spelwoorde en maaltafels gedurende strafklasse. Die strafklas is altyd in D8 en D7. 'n Leerder wat sonder 'n geldige skriftelike verskoning of telefoonoproep van die ouer, ten minste een dag voor die strafklas, nie die strafklas bywoon nie, moet 'n dissiplinêre verhoor bywoon.

## K. OUERS SE ROL

1. Ken die skool se gedragskode en moedig u kind aan om dit te gehoorsaam. Teken die kode saam met u kind in die dagboek.
2. Skep 'n geborge atmosfeer vir u kind by die huis.
3. Verseker u kind se gereelde en stiptelike skoolbywoning. Dit is die verantwoordelikheid van die ouer en kind om die verlore werk in te haal. Moenie u kind vroeër kom uitteken nie.
4. Kommunikeer redes vir u kind se afwesigheid met die skool. Skakel die kantoor of stuur 'n epos na [ontvangs@daniemalan.co.za](mailto:ontvangs@daniemalan.co.za) indien u kind afwesig is. Indien 'n kind vroeër uitgeteken word en dit ses ure oorskry sal die kind een dag afwesig gemerk word.
5. Sien toe dat u kind met die korrekte skooldrag en hare skool toe kom.
6. Kinders het altyd die behoefte om gebeure by die skool met u te kommunikeer. Luister **objektief** daarna.
7. Ken u kind se vriende.
8. Leer u kind se onderwyser ken.
9. 'n Goeie ouer-onderwyserverhouding verseker 'n gelukkige kind met 'n sterk geborgenheidsgevoel.
10. Versterk leer tuis deur u kind se huiswerk na te gaan.
11. Wees betrokke deur sy / haar akademiese en buitemuurse aktiwiteite te ondersteun.
12. Luister met 'n oop gemoed na u kind en onderwyser. Waak daarteen om bevooroordeeld te wees en soek altyd na 'n wen-wen oplossing.
13. Leer u kind om positiewe oplossings vir probleme wat hulle daagliks beleef te vind, en om konfrontasie sonder geweld te hanteer.
14. Moenie vir u kind oplossings vir probleme uitdink wat teenstrydig is met die skoolreëls nie.
15. Moenie personeel voor u kind bespreek of afkraak nie. U kind sal nie maklik daarna na die onderwyser luister nie.
16. Teken u kind se toetse weekliks.
17. Gaan u kind se boeke daagliks na en kyk of klaswerk gedoen word.
18. **Geen ouer mag gedurende skoolure voor 'n klaskamer of by die losie wag vir hul kinders nie.**
19. Baie ouers wag in die middag voor die kinders se klasse sodra die hekke oopgesluit is. Dit ontwrig die dissipline in die klasse.
20. Indien u nie saamstem met 'n debiet wat u kind ontvang het nie, moet u dit binne twee dae nadat die ouer die sms vir die debiet ontvang het, met die betrokke onderwyser uitklaar.

Indien die ouer 'n probleem ondervind is die roete wat die ouer moet volg:

### Debiet of Dissiplinêre aangeleenthede:

Onderwyser  Skoolbestuurslid verantwoordelik vir Dissipline  Hoof

### Akademiese aangeleentheid:

Onderwyser  Skoolbestuurlid verantwoordelik vir Akademie  Hoof

Dissipline: [pietervanzyl82@gmail.com](mailto:pietervanzyl82@gmail.com)

Akademie: [hbloem58@gmail.com](mailto:hbloem58@gmail.com)

## BELANGRIKE INLIGTING

### VERJAARSDAE

'n Leerder mag op sy/ haar verjaarsdag gewone betaamlike en netjiese klere aantrek (Sien gewone klere-reël). Indien die leerder se verjaarsdag op 'n Saterdag of Sondag of in die vakansie val, trek die leerders gewone klere op die vorige Vrydag of daaropvolgende Maandag aan. Geen hoëhakskoene word toegelaat nie. Leerders wat nie betaamlik geklee is nie, se ouers sal gekontak word en huis toe gestuur word.

### PRESTASIES BUITE SKOOLVERBAND

Ons gee graag erkenning vir leerders wat buitengewoon presteer (sertifikaat, medalje of trofeeë verwerf) met ons Saalopening. Voltooi 'n vorm wat by die kantoor beskikbaar is (ook in die Prospektus), en dien in voor of op 'n Vrydag in. U kind se buitengewone prestasie sal dan in die saal genoem word.

### OMSENBRIEWE

Omsendbriewe sal per epos aan die ouers gestuur word. Dit sal ook op die "School communicator" en webblad gelaaï word. Slegs ouers wat skriftelik aansoek doen sal 'n harde kopie van die weeklikse omsendbrief ontvang. U sal op Dinsdae algemene omsendbriewe ontvang om u meer in te lig oor al ons aktiwiteite. Lees asseblief die brief. Hou dit tuis vir verdere verwysing. Skakel asb. die katoor indien u nie die omsendbriewe per e-pos ontvang nie of indien u e-posadres verander het.

### MERK VAN SKOOLDRAG, KLERE EN TASSE

Maak asseblief seker dat al die klere gemerk is, veral skoene (duidelik en groot aan die binnekant). Die skool aanvaar nie verantwoordelikheid vir ongemerkte klere wat wegdraak nie. Ongemerkte klere wat opgetel word, word in die skool se siekekamer gehou en indien dit na drie weke nie opgeëis is nie, gewas en opgeneem in die klerebank.

### VRYDAGDRAG

Leerders mag op die dag wat hulle MBK het, met hul Vrydagdrag skool toe kom.

### AFLEWERINGS GEDURENDE SKOOLTYD

Neem kennis dat enige items wat afgelewer word, eers voor 'n pouse uitgedeel sal word. Geen leerder sal tydens klastyd geroep word nie.

### SPEELGOED

Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir speelgoed en selfone wat wegdraak nie. Die leerders moet dit by die huis los. Daar sal ook nie daarna gesoek word nie.

### DAGBOEK

Elke leerder moet 'n A5 skooldagboek aanskaaf en elke dag in sy/ haar tas hou.

### AFWESIGHEDE

Ons neem met kommer kennis van leerders wat al hoe meer uit die skool gehou word sonder grondige redes asook leerders wat self nie skool toe kom nie. Tref vooraf per brief reëlings met die voorgonderwyser indien u kind vir 'n paar dae nie in die skool gaan wees nie. Voorsien 'n doktersbrief indien u kind siek was. Moenie vakansies gedurende skooltye beplan nie. **Leerders wat afwesig was, moet self sorg dat hulle die werk (formeel en informeel) inhaal wat hulle verloor het.** Kinders wat gereeld afwesig is, sukkel met sosialisering, met skoolwerk en ontwikkel skeidingsangs. Ons sal ondersoek instel indien 'n leerder na drie dae sonder 'n geldige verskoning afwesig was, en na tien dae die CMR en Distrik en Polisie inlig sodat 'n volledige ondersoek geloods kan word. Indien 'n kind vir tien dae afwesig is sonder 'n geldige verskoning sal die kind van die register verwyder word, en moet heraansoek doen. **Indien 'n kind afwesig is met 'n toets/eksamen of formele assessering moet 'n doktersbrief ingehandig word by die betrokke onderwyser. Waak ook teen die tendens om u kind onnodig vroeër te kom uitteken. Laat weet asseblief die klasonderwyser**

indien u kind in die hospitaal opgeneem is of ernstig siek is. 'n Leerder wat vir 40 dae afwesig is, sonder mediese sertifikate, sal sy of haar jaar moet herhaal. 'n Leerder moet tot 10:00 by die skool wees om aanwesig gemerk te word.

## SLUITKASTE

Sluitkaste kan gehuur word in die kantoor teen R150,00 per jaar vir die groot kaste en R130,00 per jaar vir die kleiner kaste. Geen pro-rata bedrae word aanvaar nie. Leerders mag gedurende pouse en na skool na die sluitkaste gaan, maar nie gedurende wisseling nie. 'n Leerder wie se boeke in die sluitkaste is gedurende klasperiode sal nie toegelaat word om dit te gaan haal nie en sal 'n inskrywing vir Strafkas ontvang daarvoor.

## BROODJIEPROJEK

Ons het 'n broodjie-projek by die skool waar minderbevoorregte leerders broodjies gedurende pouses ontvang. Laat weet asseblief die klasonderwyser met 'n briefie as u kind ook op die naamlys moet wees. Ons benodig ook vrywilligers wat kan help om broodjies te maak. As u belangstel om daarby betrokke te raak is u welkom om me. Altje Conradie by 0823727093 te skakel. U kan ook donasies in die skoolrekening maak met die verwysing "Broodjieprojek".

**Slegs ouers wat skriftelik aansoek doen en regtig behoeftig is sal kos ontvang. Leerders wat die kos weggooi sal nie weer kos ontvang nie.**

## MY SCHOOL/MAKRO

Onthou om asseblief seker te maak dat u *Makro* en *My school* kaarte aan Danie Malan gekoppel is. Sodoende kan u baie geld met u aankope vir die skool maak sonder om 'n vinger te verroer. Gebruik ook asseblief u *My school* kaart elke keer as u Woolworths, Engen, en Waltons besoek. As u nie reeds 'n *My school* kaart het nie, doen nou aansoek deur 0860100445 te skakel of besoek hul webwerf by [www.myschool.co.za](http://www.myschool.co.za).

## SMS'e

Ons stuur gereeld sms'e oor belangrike sake. Laat weet dus dadelik die kantoor indien u inligting verander het sodat ons dit op ons stelsel kan regstel.

## AFSPRAKE

Indien u dringend met 'n onderwyser wil praat of 'n afspraak wil maak, moet u 'n boodskap vir die onderwyser by die kantoordames los. Die reëling word getref om te verhoed dat personeel onderbreek word tydens 'n les. Geen ouer mag gedurende skooltye op die stoepe tussen die klasse wees nie. Geen leerder sal tien minute voor die klok lui uitgeteken mag word nie. Ouers mag die leerders nie vroeër uitteken as wat die organiseerder se brief aandui nie.

Commented [M2]: Hier sê ons 10 minute, vroeër in prospektus is dit 5 minute?

## VEILIGHEID VAN LEERDERS

Om te voorkom dat leerders se veiligheid in gevaar gestel word of dat hulle fisies en emosioneel verwaarloos word, doen ons 'n dringende beroep om alle leerders voor 14:15 by die skool af te haal en te laat versorg. Geen leerder sal toegelaat word om by die skool te wag na 14:15 nie, tensy hulle onder toesig van 'n afrigter of onderwyser is.

## KLEREBANK

Skenk asseblief skoolklere wat u nie meer gebruik aan die klerebank. Ons voorsien aan behoeftige leerders skoolklere uit die klerebank. Indien u skoolklere benodig en nie geld het om aan te koop nie, kan u by die skool se klerebank kom kry. Ons vra slegs 'n vrywillige donasie en daar is nie pryse op die klere nie. Maak seker dat die klere wat u stuur skoon is en nog in 'n bruikbare toestand is. Die tye vir die klerebank is Dinsdae en Donderdae van 06:45 – 07:00 en 14:00 – 14:15.

## BEHOEFTIGE FONDS

Ons vra aan die einde van elke kwartaal R5 as die leerders gewone klere aantrek. Die R5'e word in die skool se behoeftige fonds rekening inbetaal. U is ook welkom om meer as R5 te gee en ook om maandeliks 'n bydrae te lewer. Ons gebruik die geld in die fonds om die volgende vir ons behoeftige leerders te doen:

- Ontbyt in die oggende te gee
- Toere en uitstappies te betaal
- Klere aan te koop indien dit nie in die klerebank beskikbaar is nie.

## SCHOOL COMMUNICATOR

Die skool gebruik die "school communicator" om belangrike inligting deur te gee. Enige persoon wat 'n slimfoon het kan die toep (app) aflaai. Ons maak gebruik van die D6 School Communicator om ouers op hoogte te hou van belangrike

inligting, datums en kennisgewings. Vir meer inligting besoek gerus:<http://www.school-communicator.com/download.php>. Klik op die skakel, kies Laerskool Danie Malan en volg die nodige stappe.

### **FACEBOOK, TWITTER EN WHATSAPP (ENIGE ANDER SOSIALE NETWERK NIE SPESIFIEK GENOEM NIE)**

Ouers moet oordeelkundig met publikasies op dié netwerke handel. Lasterlike aantygings kan omskryf word as woorde wat van so 'n aard is, dat dit ten doel het om die agting wat 'n persoon in die samelewing geniet, te skend. Dit is woorde wat meebring dat 'n persoon se goeie naam, geskend word. Iemand wat dus 'n aantyging aangaande die skool of sy personeellede op Facebook/Whatsapp en/of Twitter publiseer met die opset om die skool of enige personeellid of leerder se goeie naam of reputasie te skend, kan strafregtelik vervolgt word en moontlik ook met 'n siviele eis ontmoet word. Facebook en/of Twitter moet oordeelkundig gebruik word en wanneer 'n persoon aantygings aangaande die skool wil publiseer, moet eersgenoemde eers vasstel of daardie aantygings buite die gevaar van lasterlike woorde strek. Dit sal dus wys wees om uself daarvan te weerhou om aantygings aangaande die skool, wat lasterlik van aard is of kan wees, op enige sosiale netwerke (soos Facebook en/of Twitter) te publiseer of om enige sodanige lasterlike bewering verder te versprei (of kommentaar daarop te lewer wat vertolk kan word as 'n ondersteuning van daardie lasterlike bewering) sonder dat u die korrekte feite tot u beskikking het. Die skool sal nie skroom om die nodige klagtes te lê in gevalle waar die skool of personeellede se goeie naam of reputasie geskend word nie. Daar rus 'n plig op die skool en sy personeellede om sy goeie naam en reputasie in stand te hou.